SOUTH AFRICAN DIAMOND PRODUCERS ORGANISATION
SUID-AFRIKAANSE DIAMANTPRODUSENTEORGANISASIE

OKTOBER NUUSBRIEF

05 / 2016

Voorsitter en Ondervoorsitter:

Gert van Niekerk (Douglas) & Jaap van Heerden (Potchefstroom) is weer verkies as Voorsitter en Ondervoorsitter onderskeidelik. Baie geluk aan hulle en ook baie sterkte vir die volgende termyn. Ons wil hulle ook bedank vir hul bydrae tot SADPO se voortdurende sukses.

Mining Weekly:

Ons is baie trots om te berig dat een van SADPO se lede, Mnr Lyndon De Meillon, 'n onderhoud gehad het met Mining Weekly. Ons nooi almal uit om na die indrukwekkende onderhoud te gaan kyk by http://www.miningweekly.com/article/unique-mor-diamond-deposits-offer-considerable-potential-2016-09-29/rep_id:3650

Nog 'n 100 karaat + diamant gevind in Angola:

Die alluviale Lulo myn in Angola het hul 5de diamant hierdie jaar wat meer as 100 karaat is geproduseer, die nuutste is 'n 172.67 karaat. Dit, nadat hulle in Februarie Angola se grootste diamant ooit, 'n 404 karaat D-kleur geproduseer het, wat later verkoop is vir $16 miljoen.

SUID AFRIKAANSE DIAMANT INDABA:

Tydens die onlangse Suid Afrikaanse Diamant Indaba in Midrand was daar verskeie sprekers. Alhoewel De Beers nie geklasifieer word as 'n opkomende entiteit nie, ondervind hulle tog van dieselfde probleme as ons lede. Volgens hul Mpumi Zikalala moet daar verder geprospekteer word vir die toekoms van die bedryf. Sy het ook genoem dat dit steeds baie moeilik is om 'n prospekteer lisensie / permit te bekom.

SADPO dien op die Diamond Leadership Forum by die Kamer van Mynwese, waar De Beers, Petra Diamonds en Transhex deel vorm van die forum. Daar word verskeie aspekte van die bedryf bespreek en is die gevoel dat sekere van die groot rolspelers in die bedryf dieselfde probleme ervaar as die opkomende delwers. Saam probeer die forum met oplossings vorendag kom.

Tydens dieselfde Diamant Indaba het die Minerale Hulpbronne Adjunkminister, Godfrey Oliphant genoem dat die staat die plaaslike diamant veredeling ("beneficiation") industrie wil hervestig teen 2026. Volgens hom het die sluiting van Zlotowski Diamond Cutting Works, die grootste diamant sny en poleer maatskappy in Suid Afrika, gely tot die verlies van ongeveer 170 werksgeleenthede. Hy het ook genoem dat verskeie faktore die Staat se pogings tot veredeling belemmer, naamlik 'n gebrek aan toegang tot ongeslypte diamante en infrastruktuur, beperkte blootstelling aan navorsing en ontwikkeling, onvoldoende vaardighede en beperkte toegang tot internasionale markte. SADPO stem nie noodwendig saam met die genoemde belemmernisse nie en benadruk op alle moontlike forums dat die veredelingsbedryf nie ten koste van die produksiebedryf gestimuleer moet word nie. Dit sal lei tot baie groter werkverliese en moontlik 'n omgewing skep waar daar geen diamante is om te veredel nie!

SADPO poog gereeld om in gesprek te tree met die verskeie rolspelers ten aansien van veredeling, maar het ons steeds ons lede se statistieke nodig om werklik 'n impak te maak. Ons lede se werkskeppingsvermoë moet duidelik uitgelig word aan die verskeie staatsinstansies en ons versoek al ons lede om aan ons die nodige Statistiekvorms te voltooi, 'n afskrif wat ook weereens hierby ingesluit word om ons in hierdie taak te steun.

SADPO het ook 'n brief van een van ons Nasionael Komitee lede, Mnr Amos Davids, ontvang waarin hy sy kommer uitspreek oor verskeie faktore wat veral die opkomende delwers negatief raak. Dit sluit in, volgens hom, oorregulering, disrespekvolle optrede van Inspekteurs, asook 'n gebrek aan behoorlike konsultasie met die opkomende myners spesifiek, alvorens toepaslike wette en regulasies gekryf word. SADPO neem kennis en waardeer ook Mnr Davids se bydrae. Ons nooi hiermee ook al ons lede uit om sy voorbeeld te volg en aan ons te skryf. Ons as Organisasie is diep afhanklik van u as lede se bydraes en / of voorstelle.

SADPO dagbestuur besoek aan lede:

Ons is steeds besig met besoeke aan ons lede vir die insameling van hul inligting vir ons eie rekords. Ons het reeds gedeeltes van die volgende areas besoek: Douglas, Schutsekama, Windsorton, Delportshoop, Barkley Wes, Schweizer-Reneke, Wolmaransstad, Makwassie, Lichtenburg & Ventersdorp. Indien jy in hierdie areas delf en ons het nog nie by jou uitgekom nie, stuur asseblief jou kontak besonderhede aan die Sekretaris, Lynette Kruger, sodat ons met jou 'n afspraak kan maak. Ons wil graag al ons lede ontmoet.

Gert van Niekerk (Voorsitter), Buks Oosthuizen & Anton Jacobs (Nasionale Komitee Lid) tydens 'n onlangse besoek in die Wolmaransstad area.

HOFSAAK:

In ons vorige Nuusbrief het ons berig dat SADPO die Hofsaak gewen het ten aansien van Seksie 20A van die Diamantwet. Alhoewel die *Regulator* nou aasoek gedoen het om verlof tot Appèl, staan die Interdik steeds. Ons vertrou dat dit steeds ons lede se produksieprys positief sal beinvloed by die opkomende en toekomstige tenders en onderneem ons om ons lede op hoogte te hou van verwikkellinge in hierdie verband.

Inspeksie vraelyste:

Tesame met ons September Nuusbrief is daar onder andere Inspeksie Vraelyste uitgestuur. Ons het nog net lyste vanaf ons Noord Wes lede ontvang. SADPO gebruik hierdie inligting om moontlik onreelmatighede aan die verskillende DMR streekkantore uit te lig, sonder dat ons lede geidentifiseer word en sodoende moontlike viktimisasie uitskakel. Ons as SADPO is net so sterk soos die inligting / terugvoering wat ons van ons lede ontvang, daarom heg ons weereens hierby aan die Inspeksie vraelys met die versoek dat u dit asseblief (totaal anoniem) sal voltooi na elke inspeksie wat u ontvang het en dit aan die Sekretaris sal stuur.

Het ek nie my vyand vernietig toe ek hom my vriend gemaak het nie?
– Abraham Lincoln

Nasionale Komiteelede: Gert van Niekerk (Voorsitter), Jaap van Heerden (Onder-Voorsitter), Pieter Keeve (Tesourier), Amos Davids, HF Cilliers, Anton Jacobs, Johan Keyser, Jannie Lombard, Willie Marx, Lukas Steyn, Ben van der Pos
Tenderhuise: CS Diamonds, NDM

Webtuiste: http://sadpo.co.za/ Lynette Kruger (Sekretaris) 071 8899 850
E-pos adres: info@sadpo.co.za Faks no: 086 663 5737